Jesaja 8:1-10: Op daardie dag: Oorvloei deur Assirië, maar God is met ons!

Skryf met ‘n griffel op ‘n groot tablet
dat hy ‘n naam “Vinnig-buit-spoedig-roof” het,
want voordat die seun sal roep ‘Pa, Ma!’
sal hulle die rykdom voor Assirië uit dra. (Jes 8:1-4)

Die water van Siloag vloei sag,
maar die volk het My verag.
My Heer stuur Assirië in groot getalle,
soos ‘n rivier wat stroom oor sy walle.
Dit sal Juda binnevloei en oorspoel -
hulle sal dit tot teen die nek voel. (Jes 8:5-8)

Volke julle kan maar saam staan,
julle word verpletterend verslaan.
Julle kan maar planne maak en bespreek,
dit word verydel en stukkend gebreek.

Trooswoorde deur die profeet vertel:
Oor die breedte van die land,
is Sy vlerke oor ons, ja die hand
van God is met ons, Immanuel! (Jes 8:8-10)